Maandbrief

September 2009

Liewe gemeente

Nou die dag het ek met julle gepraat oor waar jou hart is. Die teksvers was Matteus 6:21 "want waar julle skat is, daar sal julle hart ook wees." Dit is iets waaraan ek die laaste tyd baie gedink het.

Ons is geneig om so maklik te sê dat my hart aan God behoort. Dit is reg so, maar lippetaal is nie genoeg nie. Jesus sê vir die Farriseërs: julle leer my met julle monde maar julle hart is ver van my af. Vir julle wat getroud is en in verhoudings staan. As ek vir Mariska sê dat ek het haar lief het en my hart behoort aan haar, maar doen nooit spesiale goedjies of moeite met haar nie, gaan sy later my nie meer glo nie. Waar jou liefde is, daar sal jou hart ook wees. Dit is hierdie plek waar daar tyd en energie aan gewy sal word.

Toets jouself. Waar spandeer jy jou tyd die meeste? Waaroor bekommer jy jouself die meeste? Waarop spandeer jy die meeste? Dit sal bepaal waar jou hart is. God verlang na 'n opregte hart. 'n Hart wat na Hom soek sonder bybedoelings of valsheid.

Ek wil afsluit met Gal 5:6 "Al wat van belang is, is geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan."

Vir elkeen se bydrae en deelname in die gemeente wil ek net met 'n opregte hart dankie sê. God seën julle.

Groete

Past. Leon

Die false profete.

Ons moet weet hoe om valse profete te identifiseer. In Matt. 7:15 maak Jesus gebruik van twee beelde nl sy volgelinge as skape en die natuurlike vyand van die skaap nl die wolf. Die wolf in skaapklere is iemand wat sê hy is `n Christen, maar nie is nie.

> **Matt. 7:15. Maar pas op vir valse profete wat in skaapklere na julle kom en van binne roofsugtige wolwe is.**

Die Here maak dan van nog `n beeld gebruik om ons natuurlike vyand te identifiseer. In die volgende vers sê Hy:

> **Matt. 7:16. Aan hulle vrugte sal julle hul ken. `n Mens pluk tog nie druiwe van dorings of vye van dissels nie.**

Ja, ons sal hulle aan hulle vrugte ken. Want `n slegte boom sal slegte vrugte dra en `n goeie boom goeies. ***Nou die vangplek.*** Ons word verwar met vrugte en gawes. Die wolwe kan net sulke goeie gawes na vore bring as enige ware gelowige. Dink maar aan Moses toe hy Farao besoek het. Farao se raad kon wonderlike gawes doen.

> **II Thessalonisense 2:9. hy wie se koms is volgens die werking van die Satan met allerhande kragtige dade en tekens en wonders van die leuen....**

Die verskil tussen vrugte en gawes kan waargeneem word deur `n vrugteboom met `n kersfeesboom te vergelyk. Alle gawe aanhangsels aan die kersboom word daar geplaas met `n eenmalige aksie en ook verwyder met `n eenmalige aksie. Hier is geen groei, rypwording of vordering aanwesig nie.

Ons moet die geestelike realm nie benader op soek na die onmiddelike vervulling van ons sintuie nie, want dit is waar ons gevang kan word. Ons moet soek na vrugte wat ontstaan het deur die proses van plant, groei, water gee, snoei en vordering. "Instant" vrugte bestaan net in blikke.

Dus sal ons die ware Christene aan hul vrugte ken en nie aan hulle gawes nie. Vrugte is ons karakter wat ons deur God se inspraak in ons lewens ontwikkel en gawes is die vermoë om kragtig op te tree.

Weet dat ons almal wat Sy kinders is, reg gesnoei word terwyl die wat vals is weg gesnoei word. Laat ons vrugte dra wat by ons Christelike karakter pas en dan wonders doen om Sy naam te verhoog.

Pastoor Fanie Scanlen.

"It is not the magnitude of our actions but the amount of love that is put into them that matters."

- Mother Teresa

Dagboek:

September 2009

Sondag, 6 September Nagmaal

Wat is die verskil tussen my oë en Jesus se oë.

Daar is 'n ou gesegde wat almal seker al gehoor het. "Is die glas half vol of half leeg." 'n Positiewe mens sal altyd sê dat die glas half vol is en 'n negatiewe mens sal sê dat die glas half leeg is. Wat is jou uitkyk op die lewe vandag?

Ek lees die ander dag die storie van waar Jesus vir Lasarus uit die dood laat opstaan het in Lukas 11:11 en wat my opgeval het was dat Jesus positief gebly het selfs in die mees negatiefste situasie. Hy sê dat Lasarus net slaap en Hy gaan om hom wakker te maak. Jesus sien lewe wanneer dood heers. Jesus sien ook lewe in die omstandighede van jou lewe waar jy voel dood heers.

In my en jou lewe vandag ervaar ons verskriklik baie negatiewe omstandighede. Die vraag is net: met watter oë kyk jy daarna?

Ons almal weet dat dieselfde Gees wat Christus uit die dode opgewek het bly binne my en jou sodra ons Christus aangeneem het as ons verlosser. Leef soos 'n oorwinnaar.

Kyk met die oë van Jesus en sien net hoe klein jou probleme regtig is.

Quintin

"If you think you Can, or jou think you Can't…
You're right!"

- Henry Ford

Pastoor Leon van Rensburg
☎ 021 981 2953 / 021 981 0844
✆ 072 782 7508
www.ags-ligenlewe.com
pastoorleon@telkomsa.net
✉ Posbus 122, Brackenfell, 7561